Verdrukking - Oordeel van die Sewe Skale (Deel 3)

Die oordeel van die sewe skale lees ons in Openbaring 16:1 *"En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. "*

U moet onthou dat hierdie oordele, net soos die laaste drie oordele van die Trompette, net gemik is op die mense wat nog nie Jesus as Saligmaker aanvaar het nie, asook die wat reeds die merk van die dier aanvaar het en die wat die beeld van die Antichris aanbid.

Daar gaan mense wees wat tot bekering gekom het en wie nog leef in hierdie tyd. Hierdie oordele en hierdie plae gaan geen effek op hulle hê nie. Uit die aard van die saak gaan die wêreld hierdie Christene in so 'n mate haat, dat hulle doodgemaak gaan word waar hulle ook al gekry gaan word. As u nog nie 'n Christen is nie en u bevind u in hierdie tyd, kan ek u net sê dat die kans op oorlewing bitter skraal is...

Anders as die vorige oordele gaan hierdie oordele nie ophou as die ander een begin nie. Van die eerste oordeel tot die laaste oordeel gaan al hierdie oordele in mekaar vloei.

Eerste Oordeel

Openbaring 16:2 *"Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het. "*

In die stede en dorpe gaan bykans almal met hierdie sere rondloop. Iemand wat dit nie het nie, gaan dadelik as 'n Christen gebrandmerk word en gearresteer word... Enige iemand wat 'n Christen is en homself in hierdie tydperk vind, moet liefs so ver moontlik van enige stad of dorp af wees as wat moontlik is.

Tweede Oordeel

Openbaring 16:3 *"En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe."*

Ek weet nie wie van u al verrotte bloed geruik het nie. Dis die mees walglikste ruik ooit! Dit laat verrotte seebamboes na parfuum ruik! Persoonlik kan ek my net voorstel hoe die see gaan lyk as hierdie oordeel uitgespreek gaan word. Die stank langs die kus gaan oorweldigend wees!

Derde Oordeel

Openbaring 16:4 *"En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. "*

Die mense in die binneland gaan heel waarskynlik juig dat hulle nie langs die kus woon nie! Net wanneer hulle dink hulle is veilig, dan gaan hierdie oordeel hulle tref! Die doel van hierdie oordeel is om die dood van die profete en gelowiges wat dood gemaak is omdat hulle die woord van God verkondig het te wreek. Openbaring 16:6-7 beskryf hierdie gebeurtenis: *"[5] En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; [6] want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed*

gegee om te drink, want hulle het dit verdien. [7] En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele."

Vierde Oordeel

Openbaring 16:8 *"[8] En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. [9] En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie."*

Hierdie gaan 'n relatiewe veilige tyd vir die Christene wees wat tot nou toe oorleef het. Hulle gaan die enigste wees wat in die dag buite sal kan rondloop en aan wie die son geen skade sal aanrig nie.

Enige iemand anders wat nie 'n Christen is nie, gaan lelik gebrand word. Ek vermoed dat die brandmerke soortgelyk aan derdegraadse sonbrand wonde sal wees. Indien mediese hulp nie dadelik bekom word nie, sal die wonde ontsteek en tot meer pyn lei. Daarom die beskrywing in die Bybel dat die mense God gaan vloek en sy Naam belaster.

Vyfde Oordeel

Openbaring 16:10-11 *"[10] En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; [11] en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie."*

Die koninkryk van die Antichris gaan die hele aarde beslaan. Dus gaan die hele aarde gehul wees in duisternis. Iemand wat nie 'n Christen is nie, gaan nie kan sien waarheen hy gaan nie. As hy per ongeluk buite in die son beland gaan die son hom brand. Hulle gaan oortrek wees van swere. Die see gaan vol bloed wees en so ook die riviere. Drink water gaan daar nie wees nie. Mens kan jou net voorstel: honger, dors, vol swere en blind... Vir enige iemand wat nie 'n Christen is nie gaan hierdie tydperk 'n nagmerrie wees! Om te dink, alles kan eindig as jy net bely, maar in plaas daarvan gaan die mense God vloek...

Sesde Oordeel

Openbaring 16:12-16 *"[12] En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. [13] En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. [14] Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. [15] Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie."*

Ek vermoed dat die oordele wat tot nou toe oor die wêreld geheers het hiermee gaan ophou. Die Eufraatrivier gaan opdroog, maar die belangrikste is die geeste wat uit sal gaan om die heersers van die verskillende streke te mislei met wondertekens sodat hulle bereid gaan wees om teen God oorlog te voer... *"En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon."* (Openbaring 16:16)

Sewende Oordeel

Openbaring 16:17-21 *"[17] En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! [18] En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie so 'n geweldige groot aardbewing. [19] En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. [20] En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; [21] en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was."*

Met die aardbewing wat plaasvind, gaan Jerusalem in drie geskeur word. Die hele aarde gaan gelykgemaak word. Dit beteken dat daar nêrens enige berg, dal of eiland ooit weer sal wees nie. Die stad Babilon vanwaar die Antichris gaan regeer, gaan totaal gelykgemaak word. Die Bybel sê elders dat niemand ooit weer vir Babilon sal kan opgrawe of dit ooit weer sal kan vind nie! Die 50 kilogram haelstene gaan amok saai onder die weermagte van die Antichris. Die mense gaan God vloek oor hierdie plaag, maar dit alles is net die begin. Jesus gaan volgende kom en hy gaan die wat teen hom in opstand gekom het self kom verdelg.